



FRONTLINIE GELOOF



TOT UITBOUING VAN GOD SE KONINKRYK WAAR GELOOF DIE MEESTE KOS

FEBRUARIE 2019



Verteenwoordigende foto gebruik.

Julle is daar wanneer niemand anders is nie – dankie!

As 'n Moslem in haar tienerjare het Nadia* die behoefte gehad om God beter te leer ken...

Maar sy het eers regtig na Hom begin soek toe sy 22-jaar oud was. Sy het na Hom gesoek in die Koran, maar kon Hom nie vind nie. Toe het 'n Christen-kollega begin om met haar te gesels oor God en die Bybel. Ten spyte van alles wat sy gehoor het, het sy haar hart heeltemal gesluit vir God, want as sy sou bekeer kon sy haar familie, vriende en werk verloor.

Dit was eers toe sy amper verdrink het, terwyl sy een dag geswem het, dat sy weer aan God gedink het. *“Ek het besef dit is die einde; my lewe is verby. Ek het aan my Christen-kollega gedink, die enigste persoon wat ek geken het wat seker was dat hy hemel toe gaan. Ek het ook besef waarheen ek op pad was... die hel,”* het sy gesê.

Terwyl sy by haar huis herstel het, het sy haar Christen-kollega gekontak, *“Ek het vir hom gesê, ‘God het vir my 'n tweede kans gegee, maar ek sal dit op my eie ondersoek. Gee my net 'n Bybel en ek sal dit lees.’”*

“Julle is 'n reuse bron van bemoediging vir my en baie ander gelowiges hier. – Nadia*”

Tog, selfs nadat sy die Bybel gelees het, het sy gesukkel om 'n Christen te word, oordadig alles kon verloor. Haar vriend het voorgestel dat sy vir God vra om hulp om van haar twyfel ontslae te raak. *“Ek het dus in my kamer gesit en vir Hom gesê... as U die God van die Bybel is, sal ek U volg – selfs al weet ek nie hoe nie. Sê my net wat U wil hê ek moet doen, en ek sal dit doen.”*

Daardie dag het Nadia haar lewe aan Christus oorgegee – amper 20 jaar gelede. Vandag is sy 'n volwasse gelowige en een van die leiers in 'n netwerk van Palestynse Gelowiges vanuit 'n Moslemagtergrond. Haar ma was so aangedaan oor die veranderinge in Nadia se lewe dat sy ook vir Jesus aanvaar het.

Dit is nie 'n maklike pad nie, maar jou ondersteuning het Nadia gedurende haar mees beproewende tye gehelp. *“Geopende Deure het my prakties, maar ook geestelik ondersteun gedurende die dae wat vir my die moeilikste was.”* En jy het haar ook in staat gestel om Christelike

(vervolg op bladsy 2)

*Naam verander vir sekuriteitsredes.

Julle is daar wanneer niemand anders is nie – dankie!

(vervolg van bladsy 1)

leierskapopleiding by te woon.

Maar dit is nie net Nadia wat jy ondersteun het nie. Te danke aan jou is Geopende Deure vir dekades al teenwoordig in Israel en die Palestynse Gebiede – en ondersteun ons baie ander soos Nadia, hulle hele lewensreis lank.

“Julle het ons vir baie jare gehelp... Baie van ons sukkel met finansies en in die gemeenskap wanneer ons families ons weggooi... Julle is ’n reuse bron van bemoediging vir my en baie ander gelowiges hier. Ons sou nie sonder julle kon oorleef nie. Dankie vir julle ondersteuning, julle gebede, en die wysheid wat julle bied aan ons gemeenskap van Gelowiges vanuit ’n Moslemagtergrond.”

Dankie dat jy ’n onuitwisbare impak maak op die lewens van gelowiges soos Nadia en tallose ander vanuit ’n Moslemagtergrond in Israel, die Palestynse Gebiede en die verste uithoeke. 🌸



Te danke aan jou is Geopende Deure vir dekades al teenwoordig in Israel en die Palestynse Gebiede – en ondersteun ons baie ander soos Nadia, hulle hele lewensreis lank.



Dankie dat jy saam met Nigeriese gelowiges staan

Verlede Junie het verdagte Moslem Fulani-veewagters tydens ’n moordtog in dorpies om Jos, Plateau-staat, in Nigerië, soveel as 200 mense vermoor en duisende ontwortel.

“Hulle het geliefdes, huise en alles waarvoor hulle gewerk het verloor. Ons het mense gesien wat nog in ’n dwaal was oor wat met hulle gebeur het,” het Kerrie*, ’n personeellid van Geopende Deure vertel.

Die hartseer is dat hierdie mense aan hulle eie lot oorgelaat is, siende dat hulpleningingsorganisasies, vanweë die onveiligheid in die gebied, nie hul area wil binnegaan nie. Kerke het dus ingetree en informele kampe vir interne ontwortelde persone op hulle gronde begin.

Na aanleiding van die moeilike omstandighede van hierdie Christene, kon Geopende Deure – te danke aan jou hulp – optree en hulpleninging aan meer as 3,000 ontwortelde

persone voorsien. Jy het gehelp om rys, mielies, olie, tamatiesmeer en toiletware, tesame met broodnodige bemoediging, aan hulle te bring. Toe die mense die bussie sien arriveer, het party van vreugde uitgeroep terwyl ander in trane uitgebars het.

“Ons dank God dat Hy Geopende Deure gebruik om hulp aan ons te bring. Selfs die regering het nie gedoen wat julle vir ons gedoen het nie. Julle het kos en toiletware vir ons gebring. Ons is werklik dankbaar,” het Mary Dung gesê, een van die begunstigdes van jou ondersteuning.

Jou ondersteuning van noodlenigingsprojekte soos hierdie een is ’n bron van krag vir Christene in Nigerië se Middelbelt, wat steeds geteikende geweld van die Fulani ervaar, wat dood, vernietiging en ontworteling tot gevolg het. Dankie dus dat jy saam met hierdie dapper gelowiges staan deur jou vennootskap! 🌸

*Naam verander vir sekuriteitsredes.

Wêreldwye Somersaanslag finale maand: Jou ondersteuning is noodsaaklik!

Februarie is die laaste maand van ons *Wêreldwye Somersaanslag*-veldtog om 'n R11,742,442-doelwit te bereik en in die dringende behoeftes van ons vervolgte broers en suster, wat op die frontlinies vir die naam van Christus ly, te voorsien. Jou ondersteuning in hierdie finale maand is noodsaaklik om gelowiges te help aanspoor om sterk te bly staan te midde van toenemende vervolging vir hul geloof.

As jy nog nie gegee het nie, of as jy 'n addisionele geskenk wil gee, besoek asseblief OpenDoors.org.za/afr of skakel ons op 011 888 9341.

Dankie vir jou deernis, gebede en ruimhartigheid om ons te help om die vervolgte Kerk te dien!

2018–2019



WÊRELDWYE SOMERSAANSLAG

Tot Uitbouing van God se Koninkryk Waar Geloof die Meeste Kos



WÊRELDWAARNEMINGSGLYS

WÊRELDWAARNEMINGSGLYS:
LIBIË

www.opendoors.org.za/afr/wwwl



RANG #4 | WWL PUNTE 87 LIBIË

Streek Noord-Afrika

2019 Wêreldwaarnemingsglys Posisie #4 in die top 50 lande


Leier Eerste Minister Fayez al-Sarraj

Bevolking 6,409,000 (0.7% is Christene)

Meerderheidsgeloof Islam

Regering Oorgangsregering

Bron van Vervolging Islamitiese Verdrukking




Die klein minderheid van Christene in Libië bestaan uit inheemse Gelowiges vanuit 'n Moslemagtergrond en immigrante van Sub-Sahara-Afrika wat op soek is na werk of toegang tot Europa. Dié van 'n Moslemagtergrond ervaar veral gewelddadige en intense druk om hul geloof te herroep. Die situasie van wetteloosheid en burgeroorlog in die land het tot gevolg dat georganiseerde kriminele groepe betrokke raak in mensehandel en dat Islamitiese militante groepe Christene kan aanval en ongestraf bly. Hierdie groepe ontvoer gereeld Christene, en daar was ook al gevalle waar Christene doodgemaak is, dikwels op 'n baie brutale en skokkende manier. Christen-immigrante ervaar ook onverdraagsaamheid, en word benadeel deur inheemse mense op grond van hul ras en geloof. Alle gelowiges wat hul geloof openlik verkondig loop die gevaar van arrestasie, geweld en selfs die dood.

BID

- + Dat baie mense die Evangelie deur Arabiese satelliet- en webuitsendings sal hoor.
- + Dat God die geloof van geïsoleerde gelowiges sal opbou, asook Sy groeiende Kerk en die wat regoor Europa versprei is vanweë vervolging.
- + Vir die uiters vervolgte, maar groeiende aantal Christene vanuit 'n Moslemagtergrond – dat die Kerk in Libië deur hulle sal groei.

SPESIALE
GEBEDS-
FOKUS



Verteenwoordigende foto gebruik.

Bid vir ons familie in Indië

Nou, meer as ooit, benodig Christene in Indië jou gebede. Vervolging het dramtiese toegeneem in die laaste paar jare, namate Hindoe-nasionalistiese bewegings hul veldtog teen Christene en ander godsdienstige minderhede verskerp, sodat hulle Indië in h Hindoe-land kan omskep – selfs al kos dit geweld.

Dis hoekom ons h beroep doen op getroue vriende soos jy, en ander gelowiges wat jou hart vir die vervolgte Kerk deel, om gedurende Maartmaand saam met ons in gebed te tree vir ons broers en susters.

Ingeslote by dié nuusbrief sal jy h 31-dag-gebeds-kalender vind om jou te help om jou gebede te rig namate jy ons Indiese familie opdra aan Christus. Terwyl vervolging in Indië die hoogste nog is, vra ons jou om in die bres te tree vir ons broers en susters daar.

Hierdie jaar loods ons ook h gefokusde veldtog vir gebed en ondersteuning vir die Kerk in Indië. Besoek OpenDoors.org.za/impakindie om op hoogte te bly en te sien hoe jy kan deel wees van hierdie noodsaaklike veldtog om gelowiges in Indië te ondersteun wat uiterste druk vir hul geloof in die gesig staar.

Dankie dat jy by ons broers en susters in Indië staan!

VANUIT JAN SE PERSPEKTIEF



Beste Vriend/in van die vervolgte Kerk,

Terwyl ek op besoek aan die Persiese Golf was, het h pastoor een van die mense by hom voorgestel as sy "vakleerling". Ek het die woord opgesoek en die volgende gelees: "Iem. wat h vak aanleer, deur praktiese ervaring onder geskoolde werkers, in h ambag, kuns of roeping".

Dit het my laat dink aan Lukas 14:12-14, waar Jesus, wat die beste "geskoolde werker" is by wie ons oor ons geloof kan leer, dit h hoë prioriteit gemaak het om gasvryheid aan vreemdelinge te bewys.

Inderdaad, die Griekse woord vir "gasvryheid" is *philoxenia*, wat letterlik vertaal word as "vriend aan die vreemdeling". En dit is presies wat jy is vir so baie vervolgte broers en susters beteken deur jou liefde, gebede en geskenke!

Dankie ook dat jy h vriend/in aan ons vervolgte familie is deur jou geskenke en gebede vir ons *Wêreldwye Somersaanslag*-veldtog. Terwyl dit hierdie maand tot h einde kom, as jy nog nie deelgeneem het aan hierdie veldtog nie, spoor ek jou aan om dit biddend te oorweeg om ons te help om ons doelwit van R11,742,442 teen 28 Februarie te bereik.

Dit sal so baie beteken vir die wat op die frontlinies van ons geloof veg, soos Nadia (sien bladsy 1), en die wat deur die Moslem Fulani-veewagters ontwortel is (sien bladsy 2).

Saam, kan ons h kanaal wees vir die liefde van Christus om langs te vloei na die wat in van die donkerste plekke op aarde woon!

Saam in Sy diens,

Jan Gouws
Uitvoerende Direkteur
Geopende Deure Suider-Afrika



Geopende Deure
Diens aan vervolgte Christene wêreldwyd

Posbus 1771, Cresta, 2118 | T +27 11 888 9341
F +27 11 888 9362 | E southafrica@od.org
I www.opendoors.org.za

Open Doors South Africa

Bankbesonderhede: Suid-Afrika, **Geopende Deure - Open Doors, ABSA - Northcliff (632005), Rekeningnr. 160340568**
Geopende Deure - Open Doors, Nedbank Besigheidsrekening (198765), Rekeningnr. 113 750 4552

Bankbesonderhede: Namibië, **Open Doors Namibia, Nedbank - Windhoek (461609), Rekeningnr. 1-2000-23847-1**

(Faks asseblief die bewys van betaling na: +27 11 888 9362) Saamgestel deur Geopende Deure Suider-Afrika. Inligting korrek by ter perse gaan.

Geen reproduksie sonder toestemming nie. Kontak Milandrè by milandreh@od.org | REG # 2004/023397/08 | Drukwerk deur Resolution Litho